

Donderdag 2 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:1 – 2:11; Filippense 4:6, 7

Fokusgedeelte: 1 Samuel 1:10, 11; Filippense 4:6 (1983-vertaling)

Here, Almagtige: Koning van ons verwagtinge en teleurstellings

Ons het gewoonlik een of ander verwagting van verskillende aspekte van ons lewens. Maar dinge gebeur nie altyd soos wat ons verwag nie. Wanneer dit nie so gebeur soos ons dink dit moet gebeur nie, is die teleurstelling baie erg.

In 1 Samuel 1 lees ons van Hanna wat baie graag 'n kind vir haar man, Elkana, wou gee. Sy was egter onvrugbaar. Verskeie gebeure in hierdie gedeelte het daartoe gelei dat sy baie bitter was. Sy was só bitter dat sy nie eers wou eet nie. Elkana het probeer om haar te bemoedig, maar dit was tog hol woorde. Selfs Eli se versekering was nie genoeg om haar te vertroos nie.

Hanna doen iets wat anders is as hierdie mense se raad. Sy gaan na die *“Here, Almagtige”* toe. Die Koning van gelowiges. Sy maak haar *“begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend”* (Fil. 4:6). Sy gaan bid tot ons Vader wat die mag het om lewe te gee waar daar dood is. Hanna is onvrugbaar, maar die volk is ook onvrugbaar.

Die Here is egter Koning, Hy gee lewe. Hy laat Hanna swanger word en sy bring 'n seun in die wêreld, Samuel. God gebruik hierdie seun om weer lewe te gee aan die volk.

Wanneer ons met teleurstellings in die lewe gekonfronteer word, is daar net een plek waarheen ons kan gaan met ons verwagtings en teleurstellings, en dit is na die *“Here, Almagtige”*. Hy gee ware hoop vir daardie verwagtinge en Hy gee ware troos wanneer ons teleurgesteld is. Ons kan met geruste harte alles in ons lewe voor God, ons Koning, neerlê – en daarin vind ons ware lewe.

Sing: Psalm 84-1:5, 6

Ds. J Cronje (Jaco) (Aliwal-Noord)